Project name: AL3283

Date of interview: 15 June 2009

Location of interview: Olympus, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 15 minutes 58 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: General Chris Thirion

Name of translator (if any):

Name of transcriber: De Wet Potgieter

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_THIRIONCHRIS_20090615

| | |
|---|---|
| Interviewer | Ek sit hier met generaal Chris Thirion, die destydse adjunk-hoof van staf inligting (HSI) van die Suid-Afrikaanse weermag. Generaal, ek wil net graag vandag met jou gesels oor die aanloop na die afdanking destyds wat later genoem was die suiwering van FW De Klerk van sy weermag toe jy en 'n reeks senior offisiere in 1992 summier afgedank was.<br>Ek sal net graag met jou wil gesels oor die aanloop, hoe dit begin het en die gevoel wat jy gehad het oor die feit dat hoekom daar nie 'n krygsraad was nie, hoekom was daar enige steun van bo-af van jou generaals wat jou bygestaan het. |
| Chris | Ja, De Wet, mmm, eintlik is dit nou 'n onderwerp en ek is baie ernstig as ek dit sê dit is eintlik 'n onderwerp wat mens swaar oor praat want daar is nog rowe, jy weet, en as jy die rowe afkrap dan is die seer maar nog rou en so aan.<br>Die feit van die saak is, ek het dertig jaar was ek in die weermag en ek het myself gesien as 'n goeie, professionele, lojale soldaat en dan as jou loopbaan dan só beëindig word met afdanking, dan is dit maar dan is genesing dan 'n lang proses.<br>Maar ek dink mens kan nie oor die insident praat sonder om ook die politieke klimaat van die tyd in aanmerking te neem nie. Daar het 'n klemverskuiwing plaasgevind en ons het aangestap van, of die keuse was volkskaalse oorlog of ons onderhandel en ons kry 'n |

politieke oplossing.
Dis natuurlik so dat oorlog en militêre optrede nooit die finale antwoord kan bied vir staakundige, politieke probleme nie. Ons was as jong offisiere geleer dat ons taak en ons doel is om interne klimaat te skep om voldoende te wees vir onderhandelings na 'n politieke oplossing toe.
En ek het my nooit as synde in 'n poisisie gesien waar ek 'n soldaat is en my taak is om apartheid vir ewig te beskerm of so iets nie. Jongmense wat onder my gedien het sal almal kan getuig. Ek het altyd vir mense gesê ons rol, ons taak, ons doel is om te verseker dat daar 'n binnelandse klimaat waarbinne by wyse van onderhandelings oplossings gevind kan word.
En daarom het ekke mnr. De Klerk se inisiatiewe ondersteun. Wel dit was nou ook nie sy inisiatiewe nie, ons weet dit is die inisiatiewe wat al voor hom begin het. Maar ek het die inisiatiewe gesteun. Hy't miskien gekom en dapperder en dapperder optredes geneem en dit het ek gesteun tot die mate dat ek onder my kollegas bekend gestaan het as synde 'n De Klerk-man.
Nou is dit ironies dat dit die ou is wat my in die pad steek, jy weet, maar, nou ja, dit alles maak dit 'n ingewikkelde saak om mee saam te leef. Feit van die saak is mnr. De Klerk was hoof van die, as staatspresident, hoof van die weermag. Dit het hom die reg en die gesag gegee om offisiere aan te stel en af te dank.
So hy kon gedoen het wat hy gedoen het, maar hy het redes gegee hoekom hy my en 22 ander ouens, ons was 23 in totaal, waarvan ek die mees senior ou was. Hy het redes verskaf waaroor ons dienste beëindig is en dit was nie korrek nie. Daarmee kon ek nie saam lewe nie.
Ek het vir mnr. De Klerk 'n brief geskryf, per geregistreerde pos, waarin ek vir hom gesê het ek aanvaar sy beslissing as 'n soldaat. Hy het die reg om my diens te beëindig. Ek het vir hom gesê ek weet nie op grond waarvan hy so opgetree het nie, en ek het ook vir hom in die brief gesê dat ek versoek tog om gekrygsraad te word of, en ek het geweet mnr. De Klerk het voorbehoude oor enigiets wat 'n militêre konnotasie gehad het daai tyd.
En ek vir hom gesê of enige ander vorm van formele regspleging en ek sal berus by die uitspraak van so 'n hof of 'n krygsraad. Kort en die lank van die storie is ek het nie eens 'n antwoord op my brief gekry nie.
Nou ja, ek het begin deur te sê 'n mens moet dit sien teen politieke klimaat van die tyd. Ek weet dat in daai tyd, want ek het agterna van mev. De Klerk persoonlik verneem, dat mnr. Mandela by elke geleentheid wat hy met mnr. De Klerk te doen gehad het vir hom gesê jou weermag is buite beheer.
Daar is 'n derdemag wat intern optree en wat baie probleme veroorsak en wat nie baie jou inisiatiewe ondersteun nie en wat die, kom ons sê, politieke proses, die konstitusionele proses sal wil verongeluk.

| | |
|---|---|
| | Dit het oor 'n tyd geloop. Mnr. De Klerk het daarna navraag gedoen. Dit is ontken, altyd en by geleentheid het mnr. Mandela vir hom gesê maar daai derdemag sit in militêre inligting, die brein van die derdemag is in militêre inligting.<br>Nou hierdie goed het maar oor 'n tyd geloop. Mnr. De Klerk dink ek het nie sy eie veiligheidsmagte vertrou nie, maar hy het ook nie 'n ernstige saak daarvan gemaak, dis my persoonlik opinie, hy het nie 'n taak daarvan gemaak om dinge vas te vat en, jy weet, dit behoorlik te hanteer nie.<br>Ek dink in my beskeie mening as 'n staatspresident met sulke goed gekonfronteer word dan kan hy doodgewoon 'n hoofregter inroep, hy kan sy betrokke minister inroep, hy kan sy hoof van sy weermag inroep en in die teenwoordigheid van 'n hoofregter kan hy die vrae vra wat hy wil vra en daarop aandring dat die antwoord as 'n geswore, onder eed, affidavit aan hom gelewer word.<br>Dis nooit gedoen nie. 'n Mens moet onthou dit gaan hier vir die pylvak vir 'n politieke oplossing en nou is hier nog 'n klomp militêre ramifikasie wat vir mnr. De Klerk eerder 'n hindernis as 'n hulpmiddel was en ons kom uit 'n oorlogsituasie uit waar ons in ons buurlande weerstandsbewegings ondersteun het, bewapen het, opgelei het.<br>Dis nie meer geheime nie. Ek was gemoeid daarmee. Ek was gemoeid met operasies wat gemik was teen bepaalde teikens. Daai teikens was later nie meer net fisiese teikens nie en was ook persoonlikhede, persone ensovoorts. En ek dink die feit dat mnr. De Klerk ver verwyderd gestaan het van sy veil igheidsmagte het 'n optrede tot gevolg gehad waar daar gebruik gemaak gewees het van regter Goldstone bv. om sekere ondersoeke teen die weermag te doen, teen militêre inligting, want die brein van die derdemag sit dan nou binne-in militêre inligting ens.<br>Dit is waar ek dink regter Goldstone afgekom het op sekere goed afgekom wat ongemaklikheid veroorsaak het- ernstige ongemaklikheid veroorsaak het by mnr. De Klerk. En a.g.v. van ek dink die resultate van hierdie, kom ons noem dit nou maar by gebrek aan ander hierdie Goldstone-ondersoek, het hy toe goed geag om vir regter Goldstone hulp van binne die weermag te kry.<br>Van daar dat generaal Steyn op die toneel verskyn het. Ek onthou nog baie goed dat ek, na dit gebeur het, vir generaal Steyn gesê het dat hy kan staat maak op my volle samewerking en as daar dinge is wat hy oor wonder of wil uitklaar, ek is beskikbaar.<br>Daar is nooit 'n enkele woord met my gevoer nie. Ek dink hy het hom verlaat op 'n klomp skinderstories van die kant van nasionale intelligensie se kant af. Nie die organisasie as 'n geheel nie, maar beplaade indiwidue daarbinne en ook van binne die weermag. Ek besef maar vandag dat ek binne my eie geledere ook maar dat daar 'n dolk in die rug was- van binne my eie geledere.<br>Toe ek top cover nodig gehad het was daar niks nie, jy weet. |
| Interviewer | As jy praat van top cover. Wat, kan jy vir my 'n vergelyking tref. |

| | |
|---|---|
| | Waar, hoekom en wie sou beter na jou kon gekyk het as omstandighede dit so wou hê? |
| Chris | Ek sou sê ek het binne ’n bevelstruktuur gefunksioneer en binne daai bevelstruktuur het ek my opdragte gekry en uitgevoer, enne binne daai bevelstruktuur het ek gerapporteer. So dit is dat ek agter iets wil skuil nie, maar wat ek sê is dat ek dink die klagtes wat baie ernstig was, wat onder andere ook gepraat het van moord en die beplanning van ’n staatsgreep en sulke goed. Ek dink byvoorbeeld dat dit regverdig in militêre terme dan ten minste ’n krygsraad en ek weet nie of die senior offisiere die sogenaamde nag van die generaals in mnr. De Klerk se kantoor was, of hulle oorbluf was en of hulle uit hul diepte was of wat ookal nie. En of hulle nou werklik geglo het ek is met onheilighede besig waarvan selfs hulle nie eers weet nie.<br>Maar daar was niemand wat gesê het maar kyk as dit klagtes is teen Chris Thirion is dan stel ons voor dat ons maar hom op verpligte verlof sit en krygsraad. Dit sou vir my aanvaarbaar wees. |
| Interviewer | Maar dit het nie gebeur nie |
| Chris | Dit het nie gebeur nie. Met ander woorde die ouens bokant my in die bevelslyn. So wat ek net wil sê is dat die bevelslyn waarbinne ek gefunksioneer het moes darem die manlikheid gehad het om te sê dis nie reg wat ons nou doen nie. Jy weet, ek wou nie gehad het die ouens moes vir my instaan of my beskerm nie. |
| Interviewer | Maar ’n krygsraad sou jou geleentheid gebied het. |
| Chris | Ja, presies. Dit is wat jy doen, dit is hoe dit werk. En jy weet daarna is daar gelieg toe daar navraag kom oor ons ontslag onder meer oor myne is daar gesê dit het nou gepaard gegaan met ’n herstrukturering binne die weermag, wat blatant lieg was. |
| Interviewer | En die wyse wat FW die hele ding benader het. Was dit aanvaarbaar gewees vir jou? |
| Chris | Nee, glad nie. Hoegenaamd nie. En ek sal seker so lank as wat ek leef nie daarmee kan vrede maak nie. |
| Interviewer | En jy is nooit van enigiets aangekla nie? |
| Chris | Nooit nie. |
| Interviewer | Dit moes maar net weer verbygaan. |
| Chris | Dit moes maar oorwaai. Jy weet, ou het ’n gesin. Jy het ’n vrou, jy het kinders. Jy moet hulle in die oë kyk. En nou gaan die lewe aan. En ek was ’n goeie en professionele soldaat vir 30 jaar. Die laaste paragraaf van my loopbaan sê ek is ontslaan. Toe ek mnr. De Klerk wou dagvaar. Ek het hom trouens gedagvaar. Ek het hom gedagvaar. Toe het hy gevra ons moet buite die hof skik. En toe het hy op skrif gesit dat ek nie skuldig was aan enige van daai aantygings teen my nie. |
| Interviewer | Maar die skade was gedoen? |
| Chris | Nee, die skade is gedoen. |
| Interviewer | Hoekom het hy dit gedoen? |
| Chris | Presies. Daai verantwoordelikheid moet hy maar aanvaar en die |

| | |
|---|---|
| | ouens wat hom bygestaan het. |
| Interviewer | Maar hy sal vir die res van sy lewe daarmee moet saamleef? |
| Chris | Ja. |
| Interviewer | Maar dink jy hy voel sleg daaroor? |
| Chris | Nee, ek dink nie so nie. Nee wat, ag, ek dink hy gaan maar aan met sy lewe en ek dink... |
| Interviewer | Soos water van 'n eend se rug? |
| Chris | Ja, en ek dink dit geld vir van my oud-kollegas ook. Hulle slaap gelukkig daaroor. |